Reünies

Menlo-reünie naweek

Die Menlobond is verantwoordelik om die reünies by die skool te fassiliteer en te help waar ons kan om julle reünie 'n sukses te maak! Hierdie inligtingstuk bevat die nodige inligting en gee ook 'n oorsig van hoe die Menlobond en die skool julle kan bystaan.

Die reünies wat by die skool gehou word is baie spesiaal en sentimenteel en ons wil graag aan al ons oud-Menloparkers die geleentheid bied om weer so 'n klein ietsie van hulle tyd by Menlo te kan ervaar. Ons bied dus die volgende aan ons reünie-groepe.

VRYDAGOGGEND - **VIERKANTSOPENING**

Die Menlobond nooi ons reünie-groepe graag uit om ons eregaste tydens die **vierkantsopening**, die Vrydag voor die reünie, te wees. Dis 'n spesiale geleentheid waar ons oud-Parkies so 'n klein stukkie Menlo kan herleef en terugdink aan die goeie ou Menlo-dae. Na die opening word 'n **groepsfoto** geneem. Daarna bied ons 'n kort **skooltoer** aan sodat julle kan sien hoe ons pragtige skool ontwikkel het. As al die verrigtinge verby is, verkeer ons gesellig en geniet ons 'n **verversing** saam.

SATERDAGMIDDAG/AAND - **REÜNIE-FUNKSIE**

Ons stel graag die **Menlo Klubhuis** vir alle reünie-groepe beskikbaar. Dit is die enigste onthaalfassiliteit by die skool en beskikbaarheid is beperk. Die Menlobond reserveer dus reeds die vorige jaar datums en allokeer dit dienooreenkomstig aan elke reünie-groep. Dit maak die beplanning vir die die skool baie gerieflikker en ons reünie-groepe kan verseker wees van 'n datum. Ons sal, waar ons kan, spesiale versoek probeer akkommodeer maar kan ongelukkig niks waarborg nie. Sommige groepe kies om hulle geselligheid by 'n restaurant of alternatiewe funksieplek te hou en die Menlobond kan julle hier ook help met 'n paar voorstelle van plekke wat deur oud-Parkies besit word.

Old friends become more and more precious to us as the years pass. They can look at us for who we once were and who we are now, appreciating the difficulties we have overcome, the abilities we have acquired, and the ways we have stayed true to ourselves. - Wendy Lustbader

EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

Algemene vrae

KAN DIE MENLOBOND ONS HELP MET 'N LYS NAME VAN ONS KLASMAATS? Ja, die Menlobond het 'n aanlyn databasis wat opgestel is uit vorige reünielyste. Die lyste is dalk nie op datum nie maar is 'n begin.

WATSE DATUMS IS BESKIKBAAR VIR ONS REÜNIE? Die Menlobond bespreek 'n datum vir elke groep reeds die vorige jaar soos wat dit in die skool se dagboek inpas. Ons sal so vêr ons kan alternatiewe datums probeer akkommodeer maar dit is nie altyd moontlik nie.

VAN HOE LAAT AF KAN ONS DIE MENLO KLUBHUIS GEBRUIK? Die Klubhuis is van 12:00 die Saterdag af beskikbaar solank daar geen skoolaktiwiteite bespreek is vir die middag nie en dit so bespreek is. Bevestig asseblief met die Menlobond sodat daar nie 'n botsing is nie.

TOT HOE LAAT MAG ONS KUIER? Ons versoek vriendelik dat die die sekuriteits- en terreinpersoneel aan diens in ag geneem word en dat die funksie nie veel na 24:00 sal voortgaan nie.

IS DAAR VEILIGE PARKERING BY DIE KLUBHUIS? Ja, daar is veilige parkering reg langs die Menlo Klubhuis.

IS DAAR SEKURITEIT BY DIE MOTORS? Ja, u het die keuse of u 'n hekwag en/of karwag(te) wil gebruik. Hulle werk in 8-uur skofte teen R400 per persoon en is betaalbaar voor die Vrydag van die reünie. Na 24:00 word elke wag R100 per uur, of gedeelte daarvan, betaal. Hierdie rekening sal die Maandag gehef word.

HOE KAN ONS DIE ELEKTRONIESE HEK OOPMAAK? Die hek word oopgebel. Sekuriteitsdienste sal, voor die reünie, twee persone se selnommers, wat die hek sal kan oopbel vanaf 12:00 die Saterdag tot 12:00 die Sondag, op die stelsel laai.

HOEVEEL KOS DIT OM DIE MENLO KLUBHUIS TE HUUR? Daar is 'n R3000 deposito, waarvan R2000 terug betaal sal wees as daar geen skade aan die Menlo Klubhuis was nie. Baie groepe kies om hierdie deposito goedgunstelik aan die skool te skenk.

IS DAAR TAFELS, STOELE, GLASE EN BREEKWARE? Staaltafels en plastiekstoele sal voorsien word. Getalle moet asseblief 'n week voor die tyd bevestig word. Glase, breekware en eetgerei moet self deur die reüniekoordineerder voorsien word. *Wenk: In meeste gevalle voorsien die spyseniers die eetgerei en borde.*

IS DAAR IEMAND OM TE HELP OPRUIM EN SKOONMAAK? Ja, daar kan 'n skoonmaakassistent vir die aand en/of die volgende oggend gereël word. Die koste is R400 per persoon per 8-uur skof, of gedeelte daarvan, en is betaalbaar voor die Vrydag van die reünie.

WATSE GERIEWE IS IN DIE KLUBHUIS? Buite (nie onderdak nie): 4 braaiplekke. Op die stoep (onderdak): 6 x 4-sitplek piekniekstyl bankies; 1 x 8-sitplek bankie. Binne: 8 'cocktail' tafels met 4 stoele om elk; lang houttafel vir opdien; kroegtoonbank; kombuis met 2 yskaste, mikrogolf en opwasgeriewe; kleedkamers.

KAN ONS 'N MIKROFOON, KLANKTOERUSTING OF DATA-PROJEKTOR HUUR Ja, ons kan dit vir julle reël.

WAT VAN MUSIEK? Deesdae het meeste mense toegang tot baie digitale musiek. 'n Praktiese voorstel wat goed werk is 'n Bluetooth luidspreker en iemand met baie musiek op sy foon! Ons versoek vriendelik dat musiek na 22:00 sagter gemaak word uit respek vir die skool se bure.

WATTER GOEIE SPYSENIERINGS-IDEES WAS DAAR AL? 'n Paar populêre keuses, wat goed werk, is 'n spitbraai, lamsvleis-pitas (bv. Lambicious), Bring&Braai of 'n tradisionele buffet. *Wenk: Hou asseblief in gedagte dat geen voertuie op die B-rugbyveld mag ry op parkeer nie en dat die spyseniers onder sal moet stop.*

MAG ONS DRANK BRING: Ja, julle moet asseblief net vroegtydig aandui dat julle drank gaan gebruik. **Geen drank mag op die perseel verkoop word nie dus kan geen kontantkroeg toegelaat word nie**. *Wenk: Elkeen bring sy eie koelboks met drinkgoed en glase.*

HOEVEEL MENSE KAN DIE MENLO KLUBHUIS AKKOMMODEER? Die Menlo Klubhuis kan so tussen 80-90 mense gerieflik binne en op die onderdakstoep akkommodeer maar as dit reën is dit baie knap.

VRIENDELIKE VERSOEK: *Uit respek vir ons leerders, personeel en ouers, wat op die terrein beweeg, versoek ons dat geen drankbottels, sigaretstompies of rommel buite die Menlo Klubhuis gelos word nie en dat dit Saterdagaand reeds opgeruim word.*

Kontak ons gerus!

Gisela Rolfes | T: 078 727 4647 | menlobond@menlopark.co.za

MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO